

# Die lewe anderkant die dood

Teks: Lukas 23: 26 - 43 & Sondag 22

Teksvers: Lukas 23: 42 - 43

## 1. Inleiding

In ons leerdiens vandag fokus ons steeds op die 12 artikels van ons geloofsbelofenis. En dit is die saak oor die ewige lewe wat vanoggend aan die beurt kom. Want alhoewel ons almal elke Sondag bely dat ons in die ewige lewe glo, kan ons vra of dit werklik 'n werklikheid is. Daarom vra ons die vraag: "watter troos skep die opstanding van die liggaam en die ewige lewe aan jou". Dit is 'n troos waaraan ons dikwels nie eers dink nie.

Want ons as mens is so vasgevang in dit wat hier en nou gebeur dat ons nie dink aan die dood en die ewigheid. Dit is gedagtes wat eers opkom by 'n mens wanneer jy naby aan die dood kom. Soos met die afsterwe van 'n geliefde. Tog is daar ook ander maniere waarop 'n mens naby aan die dood kom.

Ons in Suid Afrika ken nie meer die konsep van teregstelling nie. In ander wêrelddele word mense nog ter dood veroordeel. In baie lande is teregstelling ook 'n publieke aangeleentheid. En op so 'n geleentheid kan 'n ter dood veroordeelde soms sy laaste woorde publiek sê. Dit bring ons by ons teksgedeelte vandag.

Ons is by die kruisiging van Jesus Christus. Maar saam met hom word daar twee misdadigers ook gekruisig. En alhoewel ons die sewe kruiswoorde van Christus goed ken, wil ons vandag fokus op wat hierdie ander twee misdadigers sê. Want hulle woorde openbaar immers iets van hulle perspektief oor die ewigheid. Veral omdat dit woorde is wat geuiter word terwyl hulle reeds besig is om te sterf. Daar is dus geen uitkoms vir hulle nie. Maar genadiglik hang hulle ook weerskante van Verlossing.

## 2. Woorde van die eerste misdadiger

Christus word in die oplegging van Sy vonnis tussen twee misdadigers gekruisig. Op hierdie manier word Hy verder verneder en tussen misdadigers van die dag gereken. Op hierdie

manier laat die owerhede geen gaping dat hierdie kruisiging van Jesus as 'n geloofsgebeurtenis gesien kan word nie. Dit moet volgens die handel en wandel bloot die teregstellings van die dag wees.

Maar die mense daar teenwoordig het dit nie heeltemal soos 'n gewone teregstelling hanteer nie. Hulle het Christus se woorde onthou en dit nou op 'n spottende wyse aan Hom terug gestel. Ons sien die refrein "Red jousef" geuiter word deur die raadslede en die volk, maar ook deur eerste misdadiger wat vir ons beskryf word.

Vir die raadslede en die soldate is dit dalk bloot net die sê ding van die dag. Want hulle gaan môre oggend maar bloot weer aangang met hulle lewens, en waarskynlik iets nuuts hê om te sê. Maar vir die eerste misdadiger, is hierdie woorde, woorde van wanhoop. Dit is 'n hopelose spot vir ou laas in sy lewe. Tog openbaar dit vir ons iets van sy toekoms perspektief.

Hy dink dat hy tog nou besig is om te sterf en dat alles eintlik hopeloos is. Daar is vir hom geen troos nie, want hy is blind vir die Verlossing wat hier langs hom teenwoordig is. Vir hom is daar nie 'n ewige lewe nie, alles eindig hier vandag vir hom, 'n paar uur later.

Uiteindelik is hy net so hopeloos besig met Godslastering soos almal daar om hom, want wat maak dit werklik saak. Hy dink sy lewe is tog verby en hy voel hy het nie troos nodig vir dit wat voorlê nie. Want hy deel al jare van tevore die Ateïstiese idee dat alles eindig by die graf.

## 3. Woorde van die tweede misdadiger

Maar dan is daar ook die ander misdadiger. Vir hom is die werklikheid waar hy homself bevind 'n bietjie groter. Dit is natuurlik 'n gevolg van die bewusheid van verlossing wat die Heilige Gees in hom skep. Hy besef dat hy en die eerste misdadiger skuldig hier aan die kruis hang. Maar dan besef hy ook die onskuld van

Jesus hier tussen hulle. Hy hoor die spottery en dit Godslastering daarin ontstel hom.

Dit ontstel hom soveel dat hy bereid is om hierdie eerste misdadiger tereg te wys. Hy vra hom immers reguit: "Is jy nie bang vir God nie." Daarna verwys hy na die verdiende straf wat Hy en die eerste misdadiger ontvang, in teenstelling met die onregverdige straf wat Jesus ontvang.

Sien die verskil is dat die Heilige Gees in hierdie tweede misdadiger 'n ewige perspektief skep. Vir hom is hierdie sterwe aan die kruis daardie dag, nie die einde nie. Hy besef daar lê iets meer voor. Die Bybel beskryf nie presies vir ons sy misdrywe nie, maar hy besef dat hierdie aardse straf dalk baie gering is, in vergelyking met die ewige straf wat op hom wag in die ewigheid. Want hoe verskriklik is dit om in die hande van die lewende God te val.

Maar genadiglik lei die Heilige Gees hom ook na die waarheid. Na die koningryk wat groter is as enige iets wat hier op aarde beleef kan word. En daarom natuurlik sy bekende woorde in vers 42: "Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom." Daardie aangryp van die enigste hoop wat hierdie verlore man vir die ewigheid kan hê. Want met goeie dade in sy lewe kan hy nie meer die ewige lewe by die Here verwerf nie. Die tyd daarvoor is verby en soos ons almal het hy reeds liederlik verbrou hiermee.

## 4. Woorde van die Verlosser

Maar dan is daar die woorde van genade. Die bevestiging op die waarheid wat die Heilige Gees reeds in die tweede misdadiger gewerk het. Want juis in 'n leediens waar ons besig is met die troos van die kategismus, is dit belangrik om te besef dat die troos wat die kategismus aan ons gee, niks anders as die troos in Jesus Christus is nie.

Dit is die troos wat hierdie tweede misdadiger ook vandag ontvang. In hierdie groter werklikheid waarvan hy skielik bewus is, is hy ook veilig. Want ons weet dat hierdie groter werklikheid wat die Woord van die Here aan ons openbaar, baie meer dualisties is. In die ewige lewe anderkant die dood is 'n mens of in die Hemel by die Here, of 'n mens brand in die vuurpoel van die hel wat nood uitbrand nie.

Maar hierdie tweede misdadiger het daardie dag die Verlosser ontmoet. Die enigste manier om by die hemel in die ewige lewe uit te kom. En die woorde van genade word by die Verlosser ons Here Jesus Christus gehoor. Daardie woorde van troos: hy is saam met my. Ons lees dit letterlik so in ons teksvers: "Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."

Die waarheid van 'n ewige werklik word weereens vir ons deur Jesus se eie woorde aan die kruis ook bevestig. Maar meer as dit ons ontvang ook die woorde van troos van Christus aan die kruis. In hierdie ewige werklikheid is ons nie alleen en verlore nie. Ons is verbind aan ons Here Jesus Christus, en daarom sal ons die ewigheid in Sy heilige teenwoordigheid deurbing.

## 5. Slot

Ons kan hierdie preek vandag afsluit om na mekaar se toekoms perspektief te vra. 'n Praktiese evaluering vraag is die ou bekende vraag: Wat sou jy doen as jy weet dat jy oor 'n paar dae beslis sou sterf. Iets van jou keuses en optrede sal jou ingesteldheid oor die ewigheid openbaar. Ons weet dat die ongelowige op 'n misdaadgolf sal gaan en al die landswette wat hy kan oortree, omdat daar mos dan nie tyd sal wees om hom te vervolg nie.

Maar die gelowige sal in die woorde van Martin Luther, 'n boom plant. Want vir die gelowige is daar 'n Groter werklikheid. Die groot oordeel waarvoor die gelowige bang is kom immers nie van hierdie wêreld en sy regeerders af nie. Die ware gelowige weer hoe verskriklik dit is om in die hande van die lewende God te val.

Maar vir gelowige is daar ook troos vanoggend uit die troosboek. Ons weet dat ons verbondenheid aan ons enigste Verlosser, ons Here Jesus Christus, vir ons 'n beter werklikheid verseker. En dit is 'n Beter werklikheid wat verder as hierdie bedeling strek. Ook in die ewigheid hoe ek niks te vrees nie. Want ek weet dat al is my sonde ook hoe groot is daar verlossing by die Here. Hy kom sê ook vanoggend vir my as sondaar mens:

“Ek verseker jou: jy sal saam met My in die paradys wees.”

Dit is 'n troos wat tot in ewigheid strek en daarom kan ek saam Sondag 22 bely: “Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van

Christus gelykvormig sal word. Maar veral ook: “Dat aangesien ek nou alreeds die begin van die ewige vreugde in my hart ervaar, ek na hierdie lewe volkome saligheid sal besit—'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens opgekom het nie—om God daarin ewig te prys.”

Amen